

**Skriflesing:** Jakobus 3:1-12

Teks: Jakobus 3:1, 6, 9-10

**Sing- VOORAF SANG: Ps. 31:15,19****TYDENS EREDIENS: Ps. 48:1,4; Ps. 19:7; Ps. 138:2; Ps. 40:2,3****Jakobus 3:1-12****Jas 3:1 My broers, julle moenie almal leermeesters wil wees nie, want julle moet weet dat ons wat leermeesters is, strenger as ander beoordeel sal word.****Jas 3:2** Ons struikel almal in baie opsigte. As iemand nooit struikel in wat hy sê nie, is hy volmaak, by magte om ook sy hele liggaam in toom te hou.**Jas 3:3** Vir perde sit ons 'n stang in die bek, en dan gehoorsaam hulle ons en het ons hulle hele liggaam onder beheer.**Jas 3:4** Dink ook maar aan skepe: al is hulle baie groot en al is die winde wat hulle aandryf, baie sterk, word hulle tog met 'n baie klein roertjie gestuur net waarheen die stuurman wil.**Jas 3:5** So is die tong ook maar 'n klein liggaamsdeeltjie, en tog het dit groot mag. 'n Klein vuurtjie kan 'n groot bos aan die brand steek.**Jas 3:6 Die tong is ook 'n vuur, 'n wêreld vol ongeregtigheid, die deel van die liggaam wat die hele mens besmet. Dit steek die hele lewe, van die geboorte af tot die dood toe, aan die brand, en self word dit uit die hel aan die brand gestee.****Jas 3:7** Alles wat loop, vlieg, kruip of swem, elke soort dier word en is al deur die mens getem,**Jas 3:8** maar geen mens kan die tong tem nie. Dit is 'n rustelose kwaad, vol dodelike gif.**Jas 3:9 Met die tong loof ons die Here en Vader, en met die tong vloek ons die mense wat as die beeld van God gemaak is.****Jas 3:10 Uit dieselfde mond kom lof en vloek. My broers, so moet dit nie wees nie.****Jas 3:11** 'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en brak water opborrel nie.**Jas 3:12** 'n Vyeboom, my broers, kan tog nie olywe dra nie, of 'n druiwestok vye nie. 'n Brak fontein kan mos nie vars water gee nie!**Skriflesing:** Jakobus 3:1-12

Teks:

**Sing- VOORAF SANG: Ps. 31:15,19****TYDENS EREDIENS: Ps. 48:1,4; Ps. 19:7; Ps. 138:2; Ps. 40:2,3**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in wat Jakobus 3 mee begin, kan baie hiervan nie van Jakobus 1 losgemaak word nie. U onthou dat Jakobus beskou geloof as 'n gawe van God, dit kom van die Vader van die ligte. Die Vader wat self nie verander nie, maar in sy gee van gawes is daar ook geen verandering nie (Jak 1:17). Ja, God gee volmaakte gawes (soos ook volgende Sondag se Nagmaal) maar wat ons as mense met God se gawes maak, is alles behalwe volmaak. Direk met waar geloof as gawe van God ons geskenk word, is dit net so belangrik dat daar geloofsgroei moet wees. Ek moet in die geloof geleer kan word. Dit moet vir jou jou lewe lank 'n besondere roeping wees dat 'n volgroeide geloof al meer en meer in my daaglikse lewe gestalte moet kry. Jy wil tog ook die een wees wat Jakobus 1: 18 beskryf het as *eersteling* van God. Om as eersteling van God te dien, om eersteling te wees van alles wat God geskep het, is hoor en doen baie belangrik.

Ons moet gou wees om te hoor, stadig om te praat, nog stadiger om kwaad te word (1:19). Hoor die Woord want God gee vir jou sy Woord. God gee dit aan jou as 'n Woord wat jou kan red want hierdie Woord wat God gee maak Hy ook 'n ingeplante Woord. Daarom dat daar ook altyd 'n groter en al hoe meer ingrypende verdieping in God se Woord moet wees. Dit moet 'n Woord wees wat gehoor moet word en gedoen moet word. Tog bly dit ook belangrik dit is 'n Woord wat gepraat moet word. Hoe kan ek glo as daar nie verkondiging van hierdie Woord sal plaasvind nie. Dit is tog die eerste, die belangrikste rede waarom ons Kerk van die Here is dat die Woord van God verkondig en gehoor moet word. Dit bring Paulus ook weer in verband waar ons verlede Sondag al moes begin om belangrike, al is dit soms ook moeilike verbande, tussen Paulus en Jakobus te lê. Romeine 10 is so duidelik in wat daar staan: vv.14-15: *14 Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? 15 En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: "Hoe wonderlik klink die voetstaple van dié wat die goeie boodskap bring."*

\*\*\*

Jakobus sien iemand wat preek as 'n leermeester. Dit is 'n man wat in sy lewe op sy mond, sy lippe, sy tong, m.a.w. eintlik maar op sy woorde, omsigtig en met groot verantwoordelikheid mee moet omgaan. Jakobus sien homself ook as geroepe leermeester, hy die broer van Jesus Christus, maar wat eintlik nou 'n slaaf van Jesus wil wees – hfst. 1:1.

Nou laat Jakobus ons in hoofstuk 3 goed verstaan jou tong moet intoom gehou word en waar jy die koers aangee, waar jy ander moet leer, gebruik jou tong reg en versigtig. Met hierdie tema laat ons ons hoofgedagtes soos volg uiteensit. Eerstens - Daar kan en mag nie baie tonge-leermeesters wees nie. In die tweede plek – Die werklike kragte aan die tong verbind. In die laaste plek- Hoe vernietigend kan ons tonge nie wees nie, dis verdelend en kan so geslepe wees. Eerste dan-

**Daar kan en mag nie baie tonge-leermeesters wees nie.**

So het Jakobus vandag se gedeelte begin: *1 My broers, julle moenie almal leermeesters wil wees nie, want julle moet weet dat ons wat leermeesters is, strenger as ander beoordeel sal word.* In die geleedere waar Jakobus gewerk het, onder sy mense wat in die verstrooiing is, dis hoe hy hierdie brief begin - *aan die twaalf stamme wat in die verstrooiing is.* Daar was vir Jakobus te

veel mense onder sy eie mense wat heeltyd leermeesters wou wees. Duidelik sien Jakobus homself as een van die leermeesters maar waarvan nie almal dit moet wil wees nie.

Loslippigheid is iets wat vir Jakobus baie probleme veroorsaak het. Almal wil almal net heeltyd leer, ja iets van 'n oorgretigheid om vir mekaar voor te skryf en vir mekaar te wil leer. Dit kom voor Jakobus voel hom ongemaklik in die geleedere van te veel praters en aspirant-praters terwyl belangriker vir die ware Kerk van die Here waar dit om die ware Woord van God gaan, is luister na die Woord van God dit wat die praat in alles moet voorafgaan. 'n Leermeester moet ook eers goed kan luister, hy moet geleer word hoe om te luister.

Daarom dat hy in hfst. 1 vers 19 al geskryf het- ... *elke mens moet gou wees om te hoor, stadig om te praat, stadig om toornig te word.* En dan het hy ook reeds in hfst. 1 oor die tong sekere dinge duidelik gemaak. Vers 26 van hfst. 1: *26 As iemand dink hy is godsdienstig, maar hy hou nie sy tong in toom nie, bedrieg hy homself. Sy godsdiens is waardeloos ...* Ons moet aanvaar die belangrikheid hiervan staan vir Jakobus so sterk uit dat hy weer uitgebreid in hfst. 3 op hierdie saak terugkeer.

\*\*\*

Ons moet nie met waardelose godsdiens besig wees nie. Waar Jakobus in hoofstuk 2 'n geloof beskryf wat dood is, as daar nie dade by die woorde gevoeg word nie, ons geloof moet 'n daadgeloof wees. Anders is ons godsdiens waardeloos. Soos wat die regte dade na vore moet kom, so moet ook die regte woorde van 'n leermeester na vore kom. Sonder die regte woorde, waar iemand nie sy tong intoom kon hou nie, lees ons van so 'n mens *dat sy hart mislei hom en die godsdiens van hierdie man is tevergeefs* staan in die ouer Vertaling.

\*\*\*

Vir 'n leermeester wat andere moet leer gaan dit om te regte woorde by die dade te voeg. Die tong kan van onderrig nie losgemaak word. Die tong is daar om te leer, maar dit moet reg geskied. Daar moet nie baie sulke leermeesters wil wees nie. Die tong is te gevaarlik dat daar te veel sulke mense ook is. Soos wat in die ware geloof na geloofsdade gesoek kan word, so moet in die ware geloof ook altyd na die regte leer, na die regte woorde gesoek word. Dit maak dat die voetstappe van 'n leermeester al goed kan wees, al kan dit nooit volmaak wees nie.

Leermeesters is ook 'n gawe van God, die Vader van die ligte skenk sulke mense aan ons, maar in wat hulle ons leer en waar die tong in alles ook met die geloof verband hou moet ons besef sulke leermeesters is inderdaad ook net swakke mense. Ons moet ons geloof van die waarheid afhanklik maak en nie van die mens wat die waarheid moet bring nie.

Van die mens wat leer en wat die waarheid moet bring van so 'n mens het Jakobus in sy geloof geen idealisme nie, wel realisme. *2 Ons struikel almal in baie opsigte. As iemand nooit struikel in wat hy sê nie, is hy volmaak, by magte om ook sy hele liggaam in toom te hou.* Om reg te spreek en reg te handel is soos die twee spore van 'n spoorlyn. Albei is ewe belangrik. In albei moet die hand en die tong kan saamwerk. Soos daar nie geloofsgroei kan wees deur die regte handeling in geloof wat gedoen moet word nie so kan daar ook nie geloofsgroei wees as die woord nie reg gespreek word en reg geleer word nie. Daarom moet ons in wat Jakobus ons leer, hy in Christus ons leermeester, in wat hy skrywe, bring dan veral ook ons tweede saak na vore.

**Die werklike kragte aan die tong verbind:**

Waar Jakobus die orde en dissipline in wat die tong moet leer na vore gebring het, ja dat die waarheid altyd in liefde gespreek moet word, kom hy konkreet by hoe 'n magtige lid ons tonge werklik is. Dit wat so 'n groot invloed kan uitoefen. Die eerste twee vergelykings wys hy op die positiewe rigtinggewende krag wat daar in die klein lid lê. Dit is soos 'n stang in 'n perd se bek, of soos die roer van 'n boot of 'n skip. In vergelyking met hoe groot die skip kan wees wat baie groot skepe kan insluit is die roer van so 'n skip eintlik so 'n klein onderdeel maar dit bepaal die hele rigting waarin die massiewe skip gestuur word. Die woord in die Grieks hier gebruik vir rigting verandering wys dat die rigting ingrypend daardeur verander kan word.

Of dit nou 'n groot perd is met 'n klein stang in die bek of 'n groot skip met 'n klein roer, die punt is duidelik. Die tong is daardie stang of roer. Dit kan geweldige invloed uitoefen op wat in die geheel gebeur. As ons ideaal altyd sal wees dat ek met 'n volgroeiende geloof ook my lewe en sake, my doen en late deur my geloof wil laat rig en lei, ja die geloof wat in ons elke dag se lewe gestalte moet kry, dan moet ek nooit die krag van die tong in die gestaltegewing onderskat nie. Ook by ons voorbereiding vandag moet hierdie gedeelte in Jakobus tot ons spreek in waar ek my voor die Here ondersoek in watter mate is ek besig om my tong in die goeie sin, in die positiewe

sin as rigting bepaler in my lewe aan te wend. So bring ek my woorde onder die toom of my woord is aan die roer ook in hoe ek hierdie Nagmaal benader maar ook hoe ek my lewe benader.

In dieselfde voorbereiding is die destruktiewe krag van die tong nie weggesteek nie. Hoe die tong kan afbreek en dinge kan laat verkeerd loop is baie ernstig. Hoe die ware geloof aan die tong verbind is in waar ek erken ek met die tong so maklik kan struikel en hoe baie het ek al nie met my tong gestruikel nie. In dieselfde ware geloof is ons bereid om met die voorbereiding in te sien die geweldige krag en invloed van hierdie klein lid in ons lewens.

Die gevare wat Jakobus na ons monde heenvoer, daar waar die tong lê, of soos wat Martin Luther na die tong verwys het as daardie stukkie vleis tussen ons twee kake geleë, daardie lid kan 'n klein vuurtjie wees wat 'n groot hoop hout aan die brand steek. In God se Woord staan dit baie sterk dat die tong 'n vuur kan wees in 'n *wêreld van ongeregtigheid*. Dis dan tongvuur wat uit die hel aangesteek word wat ten doel het om so vinnig moontlik soveel skade as moontlik aan te rig. Al kan die begin dalk so klein en onskuldig lyk maar pasop vir wat daarúit kan kom. Dikwels word die waarheid net so effens skeefgetrek maar gou vat die bos vlam en staan alles in ligte laaie. Hierin word die hele lewensloop aan die brand gesteek en word 'n onbestendige kwaad vol dodelike gif. Die hele liggaam is dan reeds besmet.

Die gesproke woord in tonge verklap begin die vuur maar laat koerante en die media nie buite rekening nie. Hoe kan koerante en tydskrifte hulleself verkoop kry sonder waar die tong, in hulle geval die pen nie eers diep in die gif gedip is om die tonge los te kry en die wêreld in sensasie op te stook nie. Dan word die pen ook so 'n vuur, 'n wêreld van ongeregtigheid, wat die hele liggaam kan besmet en wat die hele lewensloop aan die brand kan steek wat die helse vure nader lek en oplek.

Daar waar tonge veronderstel was om die leerwerk te doen, in plaas van dat woorde onder die toom is of aan die roer is, daar word hierdie tonge 'n krag of mag wat vernietigend, ontembaar, onvoorspelbaar voortstu. Die vernietiging sien ons in die vuurwerk wat die tong kan veroorsaak, die ontembaarheid staan net so sterk. Vers 7-8 beskryf dit aangrypend- *7 Alles wat loop, vlieg, kruip of swem, elke soort dier word en is al deur die mens getem, 8 maar geen mens kan die tong*

*tem nie. Dit is 'n rustelose kwaad, vol dodelike gif.* Die enigste ander geval waar hierdie woord vir tem in die Bybel gebruik word (*damazo*) is van die man wat ons in Mark5:4 van lees- 'n man deur demone besete waar geen mens en geen voetboei en geen ketting sterk genoeg was om die man vas te bind nie.

In dieselfde tong lê nog 'n ander gevaar wat ons by hierdie voorbereiding vandag ook goed besef en wat ons as ons laaste gedagte vandag in besonder wil uitlig.

**Die tong kan ook so verdelend en geslepe wees:**

Daar waar tonge kan dreig en laat brand en kan afbreek omdat dit so vernietigend, ontembaar, onvoorspelbaar kan raak, is ons in hierdie reeks en by vandag se voorbereiding diep onder die indruk hoe versigtig moet ons nie wees nie. Wanneer ons 'n volgroeide in die geloof wil wees en ek wil graag volgende Sondag aan die Here se tafel aansit, is ons belydenis dat ons het al dikwels gefaal. Veral met ons woorde is ons so kwesbaar en glad nie in staat tot dit wat volmaak is nie.

Die voorbeelde wat Jakobus uit die natuur haal is so sprekend en in 'n sekere sin vanselfsprekend maar moet tot ernstige nadenke stem. Dit is wel opmerklik hoe Jakobus dikwels in die natuur vir ons geloofsvoorbeelde gaan haal. Ons het al geles van die see met sy golwe, van gras wat maklik verdor en sy blomme val af, vandag het ons geles van 'n perd met 'n stang maar ook 'n hele lys van ontembare wilde diere, voëls, seediere en reptiele. In hfst. 5 vers 7 is nog so 'n aangrypende voorbeeld hoe ons moet leer om in die lewe geduldig te wees en geduldig te wag. 'n Geduld wat tot die wederkoms moet strek - dan is Jakobus saam met die boer in die veld wat geduldig moet wag, of op die vroeë reën, andersyds op die laat reën.

As Jakobus sy gedeelte rondom ons tonge tot 'n hoogtepunt maar eintlik tegelyk tot 'n laagtepunt voer dan is hy weer in die veld, daar waar die natuur ons anders leer as wat ons met ons tonge geneig is om te maak. Vv. 11-12 bring die kontraste skerp na vore. *11 'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en bitter water opborrel nie? 12 'n Vyeboom, my broeders, kan tog nie olywe voortbring, of 'n wingerdstok vye nie? So kan geen fontein brak en vars water voortbring nie.*

As ons egter na ons tonge kyk wat ontambaar is, 'n onbedwingbare kwaad vol dodelike gif, dan is ons in die moeilikheid. Ons tonge kan so verdelend en geslepe wees as ons met Jakobus erken *9 Daarmee loof ons God en die Vader, en daarmee vervloek ons die mense wat na die gelykenis van God gemaak is. 10 Uit dieselfde mond kom seën en vervloeking.* Laat ons by vandag se voorbereiding dit ook wil sê – Dit behoort nie so te wees nie. Vars water kom uit 'n vars fontein. Ons moet nie die water wil brak maak nie. 'n Vyeboom moet vye dra en 'n olyfboom, olywe.

Daarom vra ons die Here ook wat ons omgaan betref, waar ons omgaan in alles met woorde geskied, mag dit tog net konsekwent wees. As ek die fontein in my eie lewe bekyk, ja waar Christus vir ons self so 'n fontein wil wees, besef ons by Hom was daar nooit brakwater nie. Sy oog het altyd die vars water laat opborrel. Presies soos Hy vir die vrou by die put maar ook later op die Loofhuttefees, die fees van die waters van Homself gesê het- Vir die vrou by die put sê die Here- dit sê Hy ook vir ons by vandag se voorbereiding- Joh. 4- *“Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; 14 maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee.”* En by die Loofhuttefees of dan ook genoem die fees van die waters, daar sê Jesus ook vir ons- Joh. 7:37-38: *37 Op die laaste dag, die groot dag van die huttefees, het Jesus daar gestaan en uitgeroep: “As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! 38 Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.* Mag die brood en die wyn wat u ook volgende Sondag wil inneem, dit wat verby ons tonge moet gaan, mag die ware betekenis in die Nagmaal by die lewende water aansluit en vrug dra wat by die boom pas.

AMEN